## 15.GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Isak wil nie veg nie – Genesis 26:17-33

Isak en sy familie was veeboere, daarom het hulle van plek tot plek getrek om weiding te kry vir hulle vee. So het hulle op 'n keer na Gerar toe getrek. Abraham se slawe het jare vantevore hier putte gegrawe, maar na Abraham se dood het die Filistyne dit toegegooi.

Isak het nou weer die putte oopgegrawe vir water. Hulle het ook 'n nuwe put gegrawe waar hulle sterk water gekry het.

Maar die Filistyne het gekom en 'n rusie met hulle hieroor begin. "Dis ons land en ons put," het hulle gesê. Omdat Isak nie wou baklei nie, het hy daar weggetrek en weer 'n ander put gegrawe.

Die Filistyne het hieroor ook begin stry, en weer het Isak vir hulle die put gegee omdat hy nie wou rusie maak nie. Toe hy en sy slawe 'n derde put grawe, het die Filistyne nie verder gestry nie. "Nou het die Here vir ons almal plek gemaak," het Isak gesê.

Hierna het Isak verder getrek tot by Berseba waar God een nag met hom gepraat het. "Ek is by jou en sal jou seën" het God gesê. "Ek sal jou 'n groot nageslag gee, en hulle sal 'n groot nasie word." Toe het Isak 'n altaar daar gebou en 'n ruk lank daar gebly. Hy en sy slawe het ook by Berseba nog 'n put begin grawe.

Toe kom koning Abimelek, sy raadgewer en die general van sy leër Isak besoek. "Wat soek julle?" vra Isak. "Julle wil tog seker nie my vriende wees nie?"

"Ja, ons wil," het die koning geantwoord. "Ons kan sien dat God met jou is, daarom kom ons vra dat julle nie teen ons moet oorlog maak nie."

Isak was so bly hieroor dat hy vir hulle 'n groot fees gereël het. Vroeg die volgende oggend het hulle toe 'n ooreenkoms aangegaan om mekaar nie kwaad aan te doen nie. Abimelek en sy manne is baie tevrede daar weg. Dieselfde dag kom Isak se slawe by hom. Hulle vertel hom toe van die put wat hulle gegrawe het en sê: "Ons het water gekry." Hy noem toe die plek Seba.

## 15. Isak wil nie veg nie – Genesis 26:17-33

**Inleidende aktiwiteit: Middelman**

Gebruik 'n bal of frommel 'n stuk papier op om 'n bal te maak. Kies twee van die gesin om die bal vir mekaar te gooi en een wat in die middel staan en probeer die bal keer om by die een te kom vir wie die bal gegooi word.

Sou die een in die middel die bal gevang gekry, kan hy/sy plekke ruil met die een wat nie die bal gevang het nie. Die speletjie hou so aan totdat almal 'n beurt gehad het om in die middel te wees.

**Vrae:**

- Wat sal jy doen as iemand iets het wat jy graag wil hê?
- Sal jy kwaad wees vir hulle omdat hulle daardie dinge het?
- Sal jy lelik wees met hulle?
- Wat sal jy doen as hulle lelik is met jou oor jy iets het wat hulle wil hê?

Vandag gaan ons leer van 'n tyd toe iemand iets verkeerds aan Isak gedoen het en wat hy daaromtrent gedoen het.

Lees nou saam die Bybelstuk – Isak wil nie veg nie

**Vrae:**

1. Wat het die Filistyne met Isak se putte gedoen? (Hulle het met hom gestry daaroor en gesê dis hulle sin.)
2. Wat het Isak gedoen? (Hy het nie gestry nie, maar net weggetrek.)
3. Dink julle Isak het die regte ding gedoen deur nie te baklei nie?

Die Bybel sê dat ons ons naaste moet liefhê. (Matteus 22:39) Hoe kan ons liefde aan ander wys in plaas van om met hulle te stry?

**Aktiwiteit:** Gesels saam as gesin oor 'n projek wat julle kan aanpak om iemand se dag op te helder. Dit kan wees om kaartjies te maak vir iemand wat siek is, dalk klere of speelgoed te skenk aan behoeftiges of selfs net iemand in julle gemeente te bel en te hoor hoe dit met hulle gaan.

**Gebedsgids:**

- Vra die Here om jou te help om nie met ander te baklei nie.
- Vra Hom om jou te help om meer soos Jesus te wees.